TV3 Projects (PTY) LTD
1st floor, La Gratitude Offices
97 Dorp Street
Stellenbosch
7600

Faksnommer : 021 882 8025
Email : clifford@tv3.co.za

Geagte Mnr. Clifford Heys

**BESWAAR:**
**HERSONERING EN AFWYKING: ERWE 510/469 & 510/470 JAMESTOWN**

Met verwysing na bogenoemde kennisgewing gepubliseer in die Eikestadnuus op 10 September 2010.

Hiermee teken ek as inwoner van Jamestown beswaar aan teen die voorgenome ontwikkeling op bogenoemde erwe.

My redes is as volg:

1. Die oprigting van 'n woonstelgebou(e) op enige erf of erwe in Jamestown sal afbreuk doen aan die karakter, beeld en gevoel van die woonbuurt.
2. Die oprigting van hoë digtheid wooneenhede sal verder aan die landelike omgewing met afbreuk doen.
3. Dit sal nie 'n positiewe bydrae tot die omgewing lewer nie, aangesien dit die omliggende eiendomme se waardes negatief sal beïnvloed.
4. Swakker elemente sal sodoende makliker toegang tot ons redelik veilige woonbuurt verkry, aangesien dit goedkoper is om 'n woonstel te huur as om 'n huis te huur of te koop.
5. Die beoogde woonstelgebou is baie naby aan die Weber Gedenkskool wat ongewenste elemente maklike toegang tot ons kinders gedurende die dag verleen.
6. Goedkeuring van hierdie woonstelgebou sal die deur open vir ander opportunistiese ontwikkelaars om op ander erwe in die omgewing ook woonstelgeboue op te rig, en dit sal die karakter van Jamestown in totaliteit vernietig, nie net afbreuk doen soos n enkele woonstelgebou sal doen nie.

Ek vertrou u sal hierdie beswaar met die nodige erns bejeën en dat u die beoogde ontwikkeling sal afkeur.

Die uwe

Handtekening: H. J. Stipp

Naam: Hermann J. Stipp

Erf 510/__________ Jamestown

Adres: Tiobellesingel 13

Telefoonnommer: 021 88 00 908